# Aanbevelings en riglyne vir die aankoop van 'n bul:

- Probeer altyd 'n SP (Studbook Proper) bul koop.
- Met 'n goeie manlike dier het enige Teler reeds 'n voorsprong, ongeag watse dier jy ookal mee boer.
- Bulle kan reeds op 12 maande gekeur word, so maak seker die bul is reeds gekeur en die nodige toetse is gedoen.
- Toetse behels: Vaderskap verifikasie, bulldog en DNA deur Unistel of ZooOmics en 'n vrugbaarheidstoets is altyd 'n bonus en veilig vir koper en verkoper.
- Enige manlike dier met 'n sak en 'n papier is nie noodwendig 'n bul om mee te gaan teel nie.



- Kyk hoe lyk die bul se ma. (Die ou beginsel van 'n bul teel soos sy ma, dra baie waarde).
- Maak seker die Teler toets gereeld vir TB, BM en by bulle vir Trichomoniasis in sy kudde – alles verskillende geslag-siektes wat jou duur te staan kan kom.
- Vergewis jou van die area waar jy koop se bosluis siektes soos rooiwater en hartwater.
- Woon inligtingsdae, skoue en veilings by om soveel as moontlik te wete te kom.
- Pas jou dier op en maak seker hy pas aan in jou omgewing. Steek kers op by jou buurman en verneem waarvoor jy moet uitkyk en moontlik ent in jou omgewing.
- Maak seker jou drade is in 'n goeie toestand.

***Geniet jou diere. Dit is nie net lekker om met hul te teel nie maar ook 'n belegging en indien reg bestuur, geld in jou sak!***